LEBOWA REGERINGSDIENS.

KANTOOR VAN DIE:

MAGISTRAAT,
NAPHUNO,
LEBOWA REGERINGSDIENS,
PRIVAATSAK 4027,
TZANEEN.

Verw.Nr.: 6/3 Baylhabine.
Navrae : Mnr Boon.
Telefoon: Letaba 41.

24 Februarie 1971.

DIE HOOFDIREKTEUR,
OWERHEIDSAKE EN FINANSIES,
LEBOWA REGERINGSDIENS,
PRIVAATSAK 7934,
PIETERSBURG.

VERSOEKSKRIF DEUR DIE BATLHABINE STAMOWERHEID VIR DIE VERWYDERING VAN CHARLES SOLOMON MOGOBOYA.

In my diensbrief van 17 Desember 1970 aan die Etnoloog (ŉ afskrif waarvan ook aan u gestuur is) het ek in verband met die hersamestelling van die Batlhabine stamowerheid, daarvan melding gemaak dat die Kaptein en sekere van sy raadslede gevra het vir die verwydering vanuit Mogoboya se gebied, van sy sogenaamde halfbroer Charles Solomon Mogoboya.

Op 20 Januarie 1971 het die Kaptein by my aangemeld om te vra in hoe verre die verwydering van Charles Solomon aandag geniet het. Ek het hom meegedeel dat ek die redes in die versoekskrif genoem nie as genoegsaam beskou vir so ŉ drastiese stap nie en het voogestel dat Charles Solomon eers formeel op ŉ stamvergadering gewaarsku word. Die vergadering is vir 29 Januarie 1971 belê en die Kaptein sou ŉ kennisgewing op Charles laat bestel.

Op genoemde datum is ek na die hoofkraal. Die vergadering was vir 10 vm belê maar om 11 vm het Charles nog nie sy verskyning gemaak nie. Die vergadering is ingelig oor die doel van die byeenkoms en is meegedeel dat die drastiese maatreël waarom gevra is noukeurige getuienis verg. Die klerande is nie onder eed geplaas nie maar gemaan om die waarheid te praat.

Die Kaptein het dadelik as bewys vir die ondermyning van sy gesag verwys na Charles se versuim om die vergadering by te woon.

Verder het hy gesê dat ŉ skilpad nie sy dop kan verlaat nie en dat Charles die eis om as Kaptein erken te word nou nog nie laat vaar het nie. (Oor die geskiedenis van Charles Solomon se aanspraak op Kapteinskap word u verwys na Etnologiese Publikasie nr.11, paragraaf 18 op bls. 16/17.) Die Kaptein het gesê dat één vrou geboorte aan ŉ Kaptein gee maar Charles verspre die slegte gees dat enige vrou aan ŉ Kaptein geboorte kan gee. ( Verwysend hier na die stamvrou as die één vrou wat aan ŉ Kaptein geboorte kan gee en niemand anders nie).

Hoofman Julius Peuo het verklaar dat Charles Solomon met ŉ groep volgelinge na Tours gegaan het. Sê dat dit gebeur het toe hy nog ŉ seun was. Hy het later gehoor dat Charles teruggekom het maar voer aan dat die terugkeer onreelmatig was omdat Charles nie kom 'groet' het nie.

36-04

Hoofman Vuma het ŉ verklaring gemaak oor wat hy van andere gehoor het en kon geen direkte getuienis aanvoer nie.

Samuel Makwela namens hoofman Maponya het net verklaar dat sa-p ŉ persoon nie saamwerk nie hy verwyder moet word.

Hoofman Simon Ramokgagwa het verklaar dat Charles Solomon in 1930 ŉ groep mense saam met hom na Toura geneem het. In 1965 het hy weer teruggekeer sonder om te groet. Hy het sonder toestemming ŉ besnydenisskool gehou en die geld vir homself toegeëin.

Die Kaptein is deur my gevra om te bevestig dat die besnydenisskool sonder sy toestemming plaasgevind het.

Kaptein Mogoboya het gesê dat hulle ooreengekom het dat ŉ besnydenisskool nie gehou sou word nie aangesien die stam beplan het om ŉ voertuig aan te koop. Die stam het hom egter toestemming gegee om ŉ besnydenisskool te hou op voorwaarde dat dit soos gebruiklik op ŉ kontantbasis sou geskied en verder dat die geld vir doeleindes van aankoop van ŉ bus in die stamrekening gestort sou word. Hy het dit nie gedoen nie. Die besnydenisskoolfondse kom niemand toe nie; dit is stamgeld en moet vir stamdoeleindes deur die stam aangewend word. Hulle is verbaas oor die nie inbetaling van die geld. Die skool is in 1968 gehou. Die geld is geeis maar gesê dat daar nog mense is wat skuld terwyl dit ŉ voorwaarde was dat slegs kontant betalings sou geskied.

Hierna het die Kaptein hom bedink en gesê hy moet darem die waarheid praat. Geld is inbetaal maar hy glo nie dat dit alles was nie.

Die Kaptein het verder beweer dat hy ŉ lys van name het van 59 persone wat elk 50 sent moes betaal vir die invul en aanbeveling van hul aansoeke om pensioene terwyl dit nie die gewoonte is om iets vir hierdie diens te vra nie. Die geld is gehef toe Charles Solomon stamsekretaris was.

Ek wou hierna getuienis kry in verband met die bestelling aan Charles Solomon van die kennisgewing van die vergadering.

Jan Kgatla het verklaar dat hy ŉ stamkonstabel is. Hy is op die vorige Woensdag ŉ brief gegee om op Charles te dien. Hy het dit die volgende oggend, d.w.s. die Donderdag op Charles gedien. Die stamkonstabel is gevra of dit nie die vorige dag(Donderdag 28 Januarie) was dat hy die kennisgewing gedien het nie. Hy het volgehou dat dit w wel die vorige Donderdag(21 Januarie) was.

Die Sekretaris se brief is 22 Januarie gedateer en is dit deur hom bevestig dat hy die brief eers op die Vrydag geskryf het.

Ek het die stamvergadering daarop meegedeel dat meeste van die verklarings weens die talle teenstrydighede deur ŉ hof verwerp sou word en ek nie dit gerade ag om Charles Solomon se verbanning aan te beveel nie. Ek het egter onderneem om self Charles Solomon met die aantygings te konfronteer. Die aanwesiges was hiermee tevrede en het die vergadering verdaag.

Op 1 Februarie 1971 het Charles Solomon by my kantoor opgedaag en gesê dat hy die vorige Vrydagmiddag by die Kaptein se hoofstat was in verband met die ontbinding van sy dogter se gebruiklike verbintenis. Hy is toe van die vergadering meegedeel. Hy ontken dat ŉ brief aan hom bestel is vir die bywoning van die vergadering en gesê

South African History Archive SAHA

36-04

dat hy die Kaptein se gesag en mag te alle tye erken soos bewys word uit die saak wat hy die dag na die Kaptein se hof geneem het. Hy voer aan dat hy hom berus het by die Departement se besluit van 1930, naamlik dat hy geen aanspraak op die Kapteinskap het nie.

Verder het hy ontken dat hy sonder toestemming n besnydenisskool gehou het en beweer( soos die Kaptein bevestig het) dat hy wel die nodige toestemming het. Hy vind die bewering dat hy die Kaptein en sy raad met sy terugkeer en later ook nooit gegroet het nie baie snaaks want hy was jare lank lid van die stamowerheid en een van die stamowerheid se raadslede op die Streeksowerheid.

Verder was hy stamsekretaris vir n paar jare. Hyself het die kwitansies en te boekstelling van die besnydeniskoolgelde behartig en ongeveer R800 inbetaal. Hy het ontken dat hy enigsins die geld vir homself toegeëin het. Oor die pensioentrekkers van wie hy 50 sent sou geëis het, weet hy niks.

Hy beweer dat H.E.Rakgoale,een van die leiers van die voormalige berugte Msonibende aan die Witwatersrand, nou die vertrueling van die Kaptein geword het en hom nou doelbewus probeer uitwerk.

Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat daar n doelbewuste gekonkelry aan die gang is en het dit so op 6 Februarie in n privaatgesprek aan die Kaptein gestel en weereens gesê dat ek nie genoegsame en betroubare getuienis van hom en sy raad kon inmin om Charles Solomon te laat verwyder nie. Verder het ek hom gevra waarom hy die oortredings,tydperke van gevangenissetting ens. van Raadslede Piet Tamane Mogoboya, Johannes Thabe Mogoboya en Alex Mogale genoem het maar stil gebly het oor Rakgoale se bedrywighede en die skilpad verlaat nie sy dop-beginsel op Charles Solomon toepas maar nie op Rakgoale nie. Hy het geantwoord dat hy vergeet het om Rakgoale se bedrywighede te noem; dat hy lank reeds by die stam terug is en dat hy glo dat Rakgoale verander het. Verder wil hy Rakgoale op die stamraad hê omdat hy geleerd ~~tterd~~ is en vergadering prosedure verstaan.

Voorts het hy gesê dat hy tevrede daarmee is dat daar nie met Charles Solomon se verwydering voortgegaan word nie. Hy besef dat die saak teen Charles Solomon swak voorgedra is.

Ek wil dus voorstel dat die saak voorlopig daar gelaat word. Sal egter beide Charles Solomon en Rakgoale dop hou.

DEPT. VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING
ETNOLOOG/ETHNOLOGIST
8 -3-1971
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG 9322
PIETERSBURG
DEPT. OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

[signature]

MAGISTRAAT,NAPHUNO.

→ Die Etnoloog,
P/a Die Hoofbantoesakekommissaris,
Privaatsak 9322,
Pietersburg.
Afskrif ter inligting

...STRAAT/MASETARATA